REMGRO BEPERK

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

GEOUDITEERDE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2015 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

• **Wesensverdienste per aandeel**	**+20.3%**
• **Gewone dividend per aandeel**	**+10.0%**
• **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel**	**+17.5%**

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

R miljoen	30 Junie 2015	2014
BATES		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	**5 716**	5 616
Biologiese landboubates	**550**	499
Beleggingseiendomme	**51**	42
Ontasbare bates	**5 710**	5 811
Beleggings - Geëkwiteer	**57 831**	52 169
- Ander	**2 493**	2 642
Aftreevoordele	**220**	210
Lenings	**977**	629
Uitgestelde belasting	**18**	14
	73 566	67 632
Bedryfsbates	**21 126**	11 876
Voorraad	**3 118**	2 408
Biologiese landboubates	**549**	539
Debiteure en korttermynlenings	**3 837**	3 330
Belegging in geldmarkfondse	**986**	1 171
Kontant en kontantekwivalente	**4 050**	3 657
Ander bedryfsbates	**52**	17
	12 592	11 122
Bates gehou vir verkoop*	**8 534**	754
Totale bates	**94 692**	79 508
EKWITEIT EN LASTE		
Verklaarde kapitaal	**3 605**	3 605
Reserwes	**69 781**	62 802
Tesourie-aandele	**(272)**	(372)
Aandeelhouersekwiteit	**73 114**	66 035
Nie-beherende belang	**2 803**	2 599
Totale ekwiteit	**75 917**	68 634
Nie-bedryfslaste	**5 404**	2 199
Aftreevoordele	**227**	258
Langtermynlenings	**3 547**	436
Uitgestelde belasting	**1 630**	1 505
Bedryfslaste	**13 371**	8 675
Handels- en ander krediteure	**4 469**	3 791
Korttermynlenings	**366**	4 661
Ander bedryfslaste	**69**	37
	4 904	8 489
Laste gehou vir verkoop*	**8 467**	186
Totale ekwiteit en laste	**94 692**	79 508
Netto batewaarde per aandeel (Rand)		
– Teen boekwaarde	**R142.12**	R128.56
– Teen intrinsieke waarde (ongeouditeer)	**R288.89**	R245.96

**Verwys na "addisionele inligting" op bladsy 7 vir verdere inligting.*

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2015**	2014
Verkope	**25 590**	24 621
Voorraaduitgawes	**(15 267)**	(15 374)
Personeelkoste	**(4 276)**	(3 747)
Waardevermindering	**(607)**	(592)
Ander netto bedryfsuitgawes	**(3 878)**	(4 238)
Handelswins	**1 562**	670
Dividendinkomste	**213**	43
Rente ontvang	**276**	326
Finansieringskoste	**(371)**	(1 057)
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	**(288)**	22
Wins met die verkoop van beleggings	**696**	51
Gekonsolideerde wins voor belasting	**2 088**	55
Belasting	**(395)**	(57)
Gekonsolideerde wins/(verlies) na belasting	**1 693**	(2)
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	**7 228**	6 853
Netto wins vir die jaar	**8 921**	6 851
Toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**8 715**	6 917
Nie-beherende belang	**206**	(66)
	8 921	6 851

GEËKWITEERDE BELEGGINGS

Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings		
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**8 332**	8 584
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(213)**	(262)
Wins met die verkoop van beleggings	**271**	174
Ander nie-herhalende en kapitale items	**62**	201
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**8 452**	8 697
Belasting	**(1 129)**	(1 558)
Nie-beherende belang	**(95)**	(286)
	7 228	6 853

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2015**	2014
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**8 715**	6 917
Plus/(minus):		
- Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**99**	(92)
- Waardedaling van ander beleggings	**79**	80
- Netto waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**94**	(5)
- Waardedaling van bates gehou vir verkoop	**16**	-
- Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**-**	(32)
- (Wins)/verlies met die verkoop van geëkwiteerde beleggings	**(984)**	83
- (Wins)/verlies met die verkoop van ander beleggings	**288**	(98)
- Netto wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(5)**	(12)
- Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**(231)**	(244)
- Netto wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(111)**	(131)
- Wins met die verkoop van beleggings	**(271)**	(174)
- Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**213**	262
- Ander nie-herhalende en kapitale items	**(62)**	(201)
- Belastinguitwerking van aansuiwerings	**(50)**	33
- Nie-beherende belang	**(25)**	5
Wesensverdienste	**7 996**	6 635

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

	Jaar geëindig 30 Junie	
Sent	**2015**	2014
Wesensverdienste per aandeel		
– Basies	**1 555.0**	1 292.4
– Verwater	**1 541.8**	1 270.3
Verdienste per aandeel		
– Basies	**1 694.9**	1 347.3
– Verwater	**1 680.9**	1 325.7
Dividende per aandeel		
Gewoon	**428.00**	389.00
– Tussen	**169.00**	156.00
– Finaal	**259.00**	233.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2015**	2014
Netto wins vir die jaar	**8 921**	6 851
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**335**	2 444
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:		
Wisselkoersaanpassings	**267**	298
Billike waarde aanpassings vir die jaar	**(156)**	346
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**(34)**	(43)
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**45**	(176)
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**929**	2 015
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:		
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**5**	23
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**(2)**	(6)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**(699)**	(13)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**9 276**	9 295
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**9 066**	9 357
Nie-beherende belang	**210**	(62)
	9 276	9 295

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2015**	2014
Saldo aan die begin van die jaar	**68 634**	60 645
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**9 276**	9 295
Dividende betaal	**(2 136)**	(1 834)
Belegging in filiale	**-**	(529)
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer	**37**	876
Ander bewegings	**25**	114
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**81**	67
Saldo aan die einde van die jaar	**75 917**	68 634

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2015**	2014
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**1 895**	898
Belasting betaal	**(397)**	(135)
Dividende ontvang	**3 215**	3 372
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**4 713**	4 135
Dividende betaal	**(2 136)**	(1 834)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**2 577**	2 301
Beleggingsaktiwiteite	**(1 151)**	(2 121)
Finansieringsaktiwiteite	**(1 349)**	(818)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**77**	(638)
Wisselkoerswins op buitelandse kontant	**116**	110
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**3 636**	4 164
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**3 829**	3 636
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**4 050**	3 657
Oortrokke bankrekening	**(221)**	(21)

ADDISIONELE INLIGTING

	30 Junie	
	2015	2014
Aantal aandele uitgereik		
- Gewone aandele sonder pariwaarde	**481 106 370**	481 106 370
- Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	**35 506 352**	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**516 612 722**	516 612 722
Aantal aandele in tesourie gehou		
- Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(2 169 558)**	(2 960 766)
	514 443 164	513 651 956
Geweegde aantal aandele	**514 200 979**	513 404 676

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

R miljoen	30 Junie 2015	2014
Genoteerde beleggings		
Geassosieerd		
- Boekwaarde	**41 533**	36 601
- Markwaarde	**97 926**	79 734
Ander		
- Boekwaarde	**902**	880
- Markwaarde	**902**	880
Ongenoteerde beleggings		
Geassosieerd		
- Boekwaarde	**11 336**	11 090
- Direkteurswaardasies (ongeouditeer)	**22 516**	22 497
Gesamentlike ondernemings		
- Boekwaarde	**4 962**	4 478
- Direkteurswaardasies (ongeouditeer)	**13 295**	11 063
Ander		
- Boekwaarde	**1 591**	1 762
- Direkteurswaardasies	**1 591**	1 762
Bates en laste gehou vir verkoop		
Gedurende Junie 2015 het Remgro 'n ooreenkoms aangegaan met fondse wat deur Cinven bestuur word om 119 923 335 Spire-aandele (gelykstaande aan 'n 29.9%-belang in Spire) te bekom. Saam met hierdie transaksie het Remgro en Mediclinic 'n ooreenkoms aangegaan ingevolge waarvan Mediclinic, onderhewig aan 'n suksesvolle regte-uitgifte, Remgro se belang in Spire sou koop. Totale bates en laste is	**(175)**	-
Belegging	**8 275**	-
Handels- en ander krediteure	**(8 276)**	-
Afgeleide instrumente	**(174)**	-
Verskeie ander bates en laste geklassifiseer as gehou vir verkoop	**242**	568
Bates	**259**	754
Laste	**(17)**	(186)
	67	568
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**853**	852
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig maar nog nie gekontrakteer nie, insluitend R4.1 miljard ten opsigte van die Mediclinic regte-uitgifte)	**5 847**	1 105
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede	**316**	306
Dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	**3 077**	3 568

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Billike waarde hermetings

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente beskikbaar vir verkoop en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasiewaarde of werklike netto batewaarde van die beleggings in.
- Afgeleide instrumente: Die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;
Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en
Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die volgende tabelle toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	***Vlak 1***	***Vlak 2***	***Vlak 3***	**Totaal**
30 Junie 2015				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	**902**	**-**	**1 591**	**2 493**
Afgeleide instrumente	**-**	**10**	**-**	**10**
Belegging in geldmarkfondse	**986**	**-**	**-**	**986**
	1 888	**10**	**1 591**	**3 489**
Laste				
Afgeleide instrumente	**-**	**190**	**-**	**190**
30 Junie 2014				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	880	-	1 762	2 642
Afgeleide instrumente	-	3	-	3
Belegging in geldmarkfondse	1 171	-	-	1 171
	2 051	3	1 762	3 816
Laste				
Afgeleide instrumente	-	10	-	10

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Die volgende tabelle toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates vanaf die begin tot die einde van die jaar:

R miljoen	*Beskikbaar vir verkoop*	*Bates teen billike waarde deur wins en verlies*	*Afgeleide instrumente*	Totaal
30 Junie 2015				
Saldo's aan die begin van die jaar	**1 762**	**-**	**-**	**1 762**
Toevoegings	**375**	**-**	**-**	**375**
Vervreemdings	**(484)**	**-**	**-**	**(484)**
Wisselkoersaanpassings	**148**	**-**	**-**	**148**
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	**(210)**	**-**	**-**	**(210)**
Saldo's aan die einde van die jaar	**1 591**	**-**	**-**	**1 591**
30 Junie 2014				
Saldo's aan die begin van die jaar	1 285	60	73	1 418
Toevoegings	277	23	-	300
Vervreemdings	(3)	-	(111)	(114)
Wisselkoersaanpassings	64	-	-	64
Oordrag na geëkwiteerde beleggings	-	(83)	-	(83)
Billike waarde aanpassings deur wins en verlies	-	-	38	38
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	139	-	-	139
Saldo's aan die einde van die jaar	1 762	-	-	1 762

Daar was geen oordragte tussen die verskillende vlakke nie.

Vlak 3 beleggings bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Milestone China entiteite (Milestone), die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF) en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ten bedrae van R1 058 miljoen, R322 miljoen en R150 miljoen, onderskeidelik. Hierdie beleggings word almal waardeer gegrond op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat op 'n verskeidenheid waardasiemetodes bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandeelprys op die verslagdoeningsdatum terwyl ongenoteerde entiteite se metodes verdiskonteerde kontantvloei waardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit.

Milestone se billike waarde bestaan uit genoteerde beleggings (42%), kontant en kontantekwivalente (4%) en ongenoteerde beleggings (54%). Twee derdes van die ongenoteerde beleggings is gedurende die huidige finansiële jaar verkry en word teen kosprys waardeer aangesien Milestone se bestuur die transaksieprys as die billike waarde van die belegging beskou, terwyl die oorblywende derde teen ongeveer R190 miljoen waardeer word. KIEF se beleggings is waardeer deur van die verdiskonteerde kontantvloeimetode gebruik te maak. PRIF se hoofbate is die belegging in ETG Groep en is gewaardeer deur van toepaslike verdienste- en omsetveelvoude, wat gebaseer is op soortgelyke maatskappye, gebruik te maak ten einde 'n prys-tot-boekwaardasie te bepaal.

Veranderinge in die waardasie-aannames van bogenoemde ongenoteerde beleggings sal nie 'n beduidende invloed op Remgro se finansiële state hê nie.

KOMMENTAAR

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state is ooreenkomstig die vereistes van die JSE Beperk (JSE) vir verkorte finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet wat van toepassing is op verkorte finansiële state opgestel. Die JSE vereis dat verkorte finansiële state ooreenkomstig die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningvereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die SAICA Riglyne soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarde Raad opgestel word, en ook om, as 'n minimum, die inligting soos vereis deur *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening* te bevat.

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die gekonsolideerde finansiële state, waaruit die verkorte gekonsolideerde finansiële state afgelei is, is ooreenkomstig IFRS en in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die vorige gekonsolideerde finansiële state, met die uitsondering van die implementering van *IFRIC 21: Heffings* en die wysigings aan *IAS 19: Werknemersvoordele, IAS 32: Finansiële Instrumente – Openbaarmaking, IAS 36: Waardedaling van Bates* en *IAS 39: Finansiële Instrumente – Vernuwing van afgeleide instrumente en voortsetting van Skansrekeningkunde*. Die implementering van hierdie interpretasies en wysigings het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige jaar nie. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Leon Crouse GR(SA), opgestel.

2. RESULTATE

Wesensverdienste
Wesensverdienste vir die jaar tot 30 Junie 2015 bedra R7 996 miljoen vergeleke met R6 635 miljoen vir die jaar tot 30 Junie 2014, wat 'n styging van 20.5% verteenwoordig, terwyl wesensverdienste per aandeel met 20.3% van 1 292.4 sent tot 1 555.0 sent toegeneem het.

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

R miljoen	**Jaar geëindig 30 Junie 2015**	*Verandering*	Jaar geëindig 30 Junie 2014
Voedsel, drank en huishoudelike sorg	**1 531**	*92.6*	795
Bankwese	**2 845**	*11.9*	2 542
Gesondheidsorg	**1 734**	*16.5*	1 489
Versekering	**986**	*13.2*	871
Nywerheid	**381**	*(45.6)*	700
Infrastruktuur	**392**	*136.1*	166
Media en sport	**(16)**	*(125.0)*	64
Ander beleggings	**84**	*42.4*	59
Sentrale tesourie	**111**	*33.7*	83
Ander netto korporatiewe koste	**(52)**	*61.2*	(134)
Wesensverdienste	**7 996**	*20.5*	6 635

Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning (ongeouditeer)

Voedsel, drank en huishoudelike sorg
Die bydrae van voedsel, drank en huishoudelike sorg tot Remgro se wesensverdienste het R1 531 miljoen bedra (2014: R795 miljoen), 'n toename van 92.6%. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van 'n hoër bydrae van RCL Foods, wat R755 miljoen tot wesensverdienste bygedra het (2014: R239 miljoen wesensverlies). Daar moet egter op gelet word dat die resultate van RCL Foods vir die jaar onder oorsig ook nou die resultate van TSB insluit, terwyl TSB steeds afsonderlik in die eerste ses maande van die vergelykende jaar verantwoord is. TSB se wesensverdienste vir die jaar onder oorsig het R281 miljoen bedra (2014: R218 miljoen). Gedurende die jaar onder oorsig is RCL Foods se resultate gunstig beïnvloed deur Rainbow se nuwe besigheidsmodel ingevolge waarvan afhanklikheid van suiwer kommoditeitslyne verminder is, sowel as die herstrukturering van sy skuld gedurende die vorige finansiële jaar waardeur die Euro-skuldbriewe met 'n rand-gebaseerde skuldpakket vervang is. Laasgenoemde herstrukturering het enige moontlike ongunstige valuta-aanpassings uitgeskakel. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 4.6% tot R331 miljoen (2014: R347 miljoen) afgeneem. Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van verhoogde beleggings in handelsmerke en bemarking. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die belegging in Capevin Holdings insluit, het R445 miljoen (2014: R495 miljoen) bedra. Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van 'n gunstige hermeting van R159 miljoen van die voorwaardelike teenprestasie wat met die verkryging van Burn Stewart Distillers Limited in die vergelykende jaar verantwoord is. Uitgesluit hierdie hermeting, sou Distell se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 0.7% vanaf R442 miljoen toegeneem het. Daar moet op gelet word dat Remgro se effektiewe belang in Distell vanaf 33.4% tot 31.0% afgeneem het weens die uitreik van 15.0 miljoen gewone aandele aan SEB-aandeelhouers gedurende Januarie 2014.

Bankwese
Die bydrae van die bankafdeling tot wesensverdienste het R2 845 miljoen (2014: R2 542 miljoen) bedra, 'n styging van 11.9%. Beide FirstRand en RMBH het goeie wesensverdienste-groei van 13.2% en 11.8% onderskeidelik gerapporteer, hoofsaaklik weens goeie groei in beide netto rente- en nie-rente-inkomste by FNB, RMB en WesBank. Hierdie groei is gedeeltelik teengewerk deur 'n klein toename in jaar-op-jaar uitgawes ten opsigte van krediet-waardedalingskoste.

Gesondheidsorg
Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R1 734 miljoen (2014: R1 489 miljoen) bedra. Daar moet op gelet word dat Mediclinic se resultate vir die jaar onder oorsig 'n positiewe Switserse vorige jaar belasting aanpassing van R712 miljoen insluit, terwyl die vergelykende tydperk ook 'n eenmalige verstreke dienskoste-krediet en Switserse belasting aanpassings van R303 miljoen ingesluit het. Uitgesluit hierdie eenmalige items sou Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 5.9% vanaf R1 354 miljoen toegeneem het. Hierdie toename is hoofsaaklik weens stewige vertonings deur al drie bedryfsplatforms, gedeeltelik teengewerk deur die afname in Remgro se effektiewe belang in Mediclinic vanaf 44.3% tot 42.1% weens die boekbou-oefening wat in Junie 2014 deur Mediclinic onderneem is.

Versekering
RMI Holdings se bydrae tot wesensverdienste het met 13.2% tot R986 miljoen verhoog. RMI Holdings het 'n toename van 4.6% in genormaliseerde verdienste gerapporteer, met Discovery en MMI Holdings wat goeie verdienstegroei van onderskeidelik 16.9% en 6.3% behaal het en wat gedeeltelik teengewerk is deur die swakker prestasie van OUTsurance, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in eise weens erge storms in Australië.

Nywerheid
Total South Africa se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R133 miljoen bedra (2014: R233 miljoen). Die afname is hoofsaaklik die gevolg van wesentlike ongunstige voorraadherwaardasies in die jaar onder oorsig, vergeleke met gunstige voorraadherwaardasies in die vergelykende jaar. Hierdie herwaardasies is die gevolg van die volatiliteit in die Brent ru-olieprys en die rand wisselkoers. Remgro se deel van KTH se resultate het 'n verlies van R108 miljoen (2014: wins van R71 miljoen) bedra. Gedurende die jaar onder oorsig is KTH se resultate negatief beïnvloed deur die ongunstige billike waarde aanpassing wat verband hou met sy belegging in Exxaro Resources Beperk. Air Products en Wispeco se bydraes tot wesensverdienste het onderskeidelik R222 miljoen en R104 miljoen (2014: R217 miljoen en R107 miljoen) bedra, terwyl PGSI R30 miljoen tot Remgro se wesensverdienste bygedra het (2014: R72 miljoen).

Infrastruktuur
Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R135 miljoen (2014: R108 miljoen) bedra. Hierdie toename was hoofsaaklik weens die sluiting van Grindrod se kommoditeitsverhandeling-afdeling wat swak resultate in die vergelykende jaar gerapporteer het. Daar moet ook op gelet word dat Remgro se effektiewe belang in Grindrod vanaf 25.0% op 31 Desember 2013 tot 22.6% verwater het weens die uitreiking deur Grindrod van 64 miljoen aandele aan 'n konsortium van strategiese swart beleggers gedurende Junie 2014. Vir die jaar onder oorsig het die CIV-groep R51 miljoen tot wesensverdienste bygedra (2014: R58 miljoen). SEACOM het 'n wesensverdienste van R96 miljoen vir die jaar onder oorsig gerapporteer (2014: wesensverlies van R26 miljoen). Remgro se deel van hierdie verdienste was R24 miljoen (2014: verlies van R6 miljoen). Gedurende Mei 2015 het die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) sy eerste sluiting gehad wat tot gevolg gehad het dat Remgro 'n inkomste-uitkering van R170 miljoen van PRIF ontvang het (hoofsaaklik as gevolg van buitelandse valutawinste gerealiseer in die PRIF-struktuur). Hierdie uitkering, saam met rente-inkomste en verwante belastingkostes, het R177 miljoen tot Remgro se wesensverdienste bygedra.

Media en sport
Media- en sportbelange bestaan hoofsaaklik uit die belange in Sabido en verskeie sportbelange, insluitende belange in die rugby-franchises van Premier Team Holdings (Saracens), die Blue Bulls en Western Province Rugby, sowel as die Stellenbosch Academy of Sport. Sabido se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R69 miljoen (2014: R131 miljoen) bedra. Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van wesentlike nuwe besigheids-ontwikkelingskostes aangegaan oor die laaste twee jaar (R245 miljoen teenoor R125 miljoen in die vergelykende jaar). Die sportbelange se bydrae tot wesensverdienste het 'n verlies van R65 miljoen (2014: R71 miljoen verlies) bedra.

Ander beleggings
Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R84 miljoen (2014: R59 miljoen) bedra, waarvan Business Partners se bydrae R47 miljoen (2014: R33 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste
Die bydrae deur die sentrale tesourie-afdeling het R111 miljoen (2014: R83 miljoen) bedra. Hierdie toename was hoofsaaklik die gevolg van hoër gemiddelde kontantbalanse en hoër rentekoerse as in die vergelykende jaar. Ander netto korporatiewe koste het R52 miljoen (2014: R134 miljoen) bedra. Hierdie afname is die gevolg van 'n netto na-belaste fasiliterings- en onderskrywingsfooi van R99 miljoen wat van Mediclinic ontvang is rakende die Spire-transaksie en gevolglike regte-uitgifte, deels teengewerk deur transaksie- en finansieringskoste van R38 miljoen wat ook met die Spire-transaksie verband hou en wat van Mediclinic verhaal sal word in die volgende finansiële jaar.

Totale verdienste
Totale verdienste het met 26.0% tot R8 715 miljoen (2014: R6 917 miljoen) toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van die wesensverdienste-groei en 'n wins van R955 miljoen wat gerealiseer is met die verwatering van Remgro se belang in Mediclinic gedurende die boekbou in Junie 2014, gedeeltelik teengewerk deur die verlies van R223 miljoen wat met die verkoop van die belegging in Lashou gerealiseer is.

5. INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 17.5% vanaf R245.96 op 30 Junie 2014 tot R288.89 op 30 Junie 2015 toegeneem. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

6. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

Mediclinic International Beperk (Mediclinic) en Spire Healthcare Group Plc (Spire)
Gedurende Junie 2015 het Remgro 'n ooreenkoms met fondse wat deur Cinven bestuur word, aangegaan om 119 923 335 Spire-aandele (gelykstaande aan 'n 29.9%-aandeelhouding in Spire) te bekom teen 'n prys van GBP3.60 per aandeel en 'n totale koopsom van GBP431.7 miljoen (transaksiekoste uitgesluit). Die transaksie is in Julie 2015 afgehandel en is deur 'n kombinasie van Remgro se eie kontant en eksterne fondse gefinansier.

Saam met hierdie transaksie het Remgro en Mediclinic 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens Mediclinic Remgro se belang in Spire sou bekom onderhewig daaraan dat Mediclinic die nodige fondse vir sodanige transaksie werf. In Augustus 2015 het Mediclinic R10.0 miljard gewerf deur 'n regte-uitgifte ingevolge waarvan 111 111 111 nuwe

Mediclinic-aandele teen 'n prys van R90.00 per aandeel uitgereik is. Deur sy regte te volg en die balans van die regte-uitgifte te onderskryf, het Remgro 'n bykomende belegging van R4.6 miljard in Mediclinic gemaak. Na die suksesvolle afhandeling van die regte-uitgifte het Mediclinic gedurende Augustus 2015 Remgro se aandeelhouding in Spire teen 'n bedrag van R8.6 miljard, gelykstaande aan die koopprys, asook transaksie- en finansieringskoste, bekom. Remgro het dus effektief net die verkryging van Spire deur Mediclinic gefasiliteer.

Op 30 Junie 2015 was Remgro se belang in Mediclinic 42.0% (2014: 42.1%). Die bykomende Mediclinic-aandele wat Remgro bekom het vanweë die onderskrywing van Mediclinic se regte-uitgifte, waarna hierbo verwys is, het sy belang in Mediclinic marginaal tot 42.5% verhoog.

RMB Holdings Beperk (RMBH)
Gedurende April 2015 het Remgro 'n bykomende 2 990 000 RMBH-aandele vir 'n totale bedrag van R215.5 miljoen bekom. Die transaksie het Remgro se effektiewe belang in RMBH tot 28.2% (2014: 27.9%) verhoog.

Community Investments Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH)
Remgro se belang in Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (Dark Fibre Africa) word gehou deur sy belegging in CIVH. Dark Fibre Africa is 'n volfiliaal van CIVH. In Augustus 2014 het Remgro 'n bykomende R56.6 miljoen in CIVH belê en daardeur sy belang marginaal van 50.7% op 30 Junie 2014 tot 50.9% op 30 Junie 2015 verhoog.

Grindrod Beperk (Grindrod)
Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere 3 380 435 Grindrod-aandele vir 'n totale bedrag van R58.0 miljoen in die mark gekoop. Remgro se effektiewe belang in Grindrod het tot 23.0% verhoog (2014: 22.6%).

Kagiso Tiso Holdings Beperk (KTH)
Gedurende Julie 2014 het Remgro nog 3 000 gewone aandele vir 'n totale bedrag van R22.5 miljoen in KTH verkry. Hierdie transaksie het Remgro se effektiewe belang in KTH tot 34.9% (2014: 34.7%) verhoog.

Lashou-groep Ing (Lashou)
In die jaar onder oorsig het Remgro sy belegging in Lashou verkoop. 'n Verlies van $19.9 miljoen is met hierdie transaksie gerealiseer. Hierdie verlies is nie by wesensverdienste ingesluit nie.

Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III)
Remgro het gedurende die jaar onder oorsig 'n bykomende $33.1 miljoen in Milestone III belê en sodoende sy kumulatiewe belegging tot $86.5 miljoen verhoog. Op 30 Junie 2015 het die oorblywende verpligting ten opsigte van Milestone III $13.5 miljoen bedra.

Ander
Ander kleiner beleggings het R85.2 miljoen bedra.

Gebeure na jaareinde
Behalwe vir die bogenoemde Spire-transaksie, was daar geen wesentlike transaksies sedert 30 Junie 2015 nie.

7. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2014 is 2 960 766 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskema te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is geen Remgro gewone aandele aangekoop nie, terwyl 791 208 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skemadeelnemers, wat die regte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 30 Junie 2015 is 2 169 558 Remgro gewone aandele (0.5%) as tesourie-aandele gehou.

8. KONTANTBRONNE BY DIE KERN

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2015 was soos volg:

	30 Junie 2015			30 Junie 2014
R miljoen	**Plaaslik**	**Buiteland**	**Totaal**	
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	**3 055**	**995**	**4 050**	3 657
Belegging in geldmarkfondse	**500**	**486**	**986**	1 171
Min: Kontant van bedryfsfiliale	**(965)**	**(52)**	**(1 017)**	(1 564)
Kontant by die kern	**2 590**	**1 429**	**4 019**	3 264

Op 30 Junie 2015 was ongeveer 25% (R986 miljoen) van die beskikbare kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê.

DIREKSIE

Op 25 November 2014 het Remgro se direksie mnr J Malherbe, ‘n nie-uitvoerende direkteur, as mede-ondervoorsitter aangestel saam met dr E de la H Hertzog, wat die huidige ondervoorsitter is.

Die direksie wens mnr Malherbe graag geluk met sy aanstelling.

Me S E N de Bruyn Sebotsa is met ingang van 16 Maart 2015 as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Remgro aangestel. Sy het wye ervaring op die gebied van finansies, besigheid en die bemagtiging van vroue in Suid-Afrika.

Die direksie verwelkom me De Bruyn Sebotsa as direkteur van die maatskappy.
.

VERSLAE VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding van ’n verkorte weergawe van die gekonsolideerde finansiële state.

Die finansiële state is deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. geoudit en hul ongemodifiseerde verslag op die volledige finansiële state is beskikbaar vir inspeksie by die geregistreerde kantoor van die maatskappy. Die ouditverslag van toepassing op die verkorte finansiële state is aangeheg.

Die ouditmening is nie noodwendig van toepassing op al die inligting ingesluit in hierdie aankondiging/finansiële resultate nie. Aandeelhouers word dus geadviseer om die ouditverslag en meegaande finansiële inligting te bekom by die geregistreerde kantoor van die maatskappy ten einde 'n behoorlike begrip van die aard van die ouditeur se prosedures te verkry.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Dividend Nr. 30
Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 259 sent (2014: 233 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2015.

Dividend-terughoubelasting van 15% of 38.85 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 220.15 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividend-terughoubelasting of in aanmerking kom vir ‘n verlaagde koers ingevolge ‘n toepaslike dubbelbelastingooreenkoms.

Die totale bruto dividend per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2015 bedra dus 428 sent teenoor 389 sent vir die vergelykende jaar geëindig 30 Junie 2014.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 481 106 370 gewone aandele en 35 506 352 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die dividend te kwalifiseer	Vrydag, 6 November 2015
Aandele verhandel ex dividend	Maandag, 9 November 2015
Rekorddatum	Vrydag, 13 November 2015
Betaaldatum	Maandag, 16 November 2015

Aandeelsertifikate mag nie tussen Maandag, 9 November 2015, en Vrydag, 13 November 2015, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. Indien aandeelhouers nie die Oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as "onopgeëis" gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die Oordragsekretaris voorsien het.

Die geïntegreerde jaarverslag sal gedurende Oktober 2015 aan lede gepos word en sal dan ook op Remgro se webwerf by www.remgro.com beskikbaar wees.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
17 September 2015

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert *(Voorsitter)*, E de la H Hertzog *(Ondervoorsitter)*,
J Malherbe *(Ondervoorsitter)*, S E N de Bruyn Sebotsa*, G T Ferreira*
P K Harris*, N P Mageza*, P J Moleketi*, M Morobe*,
F Robertson*, H Wessels*
(**Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure
J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),
W E Bührmann, L Crouse

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
M Lubbe

Notering
JSE Beperk
Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Millenniapark, Stellentialaan 16, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services Eiendoms Beperk, Marshallstraat 70,
Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank (’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

Webwerf
www.remgro.com

REMGRO BEPERK

BYLAAG A

SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2015	2014
Voedsel, drank en huishoudelike sorg		
Unilever Suid-Afrika	**331**	347
Distell[1]	**445**	495
RCL Foods[2]	**755**	(239)
TSB[2]	**-**	192
Bankwese		
RMBH	**2 005**	1 793
FirstRand	**840**	749
Gesondheidsorg		
Mediclinic	**1 734**	1 489
Versekering		
RMI Holdings	**986**	871
Nywerheid		
Air Products South Africa	**222**	217
KTH	**(108)**	71
Total South Africa	**133**	233
PGSI	**30**	72
Wispeco	**104**	107
Infrastruktuur		
Grindrod	**135**	108
CIV groep	**51**	58
SEACOM	**24**	(6)
Ander infrastruktuurbelange	**182**	6
Media en sport		
Sabido	**69**	131
Ander media- en sportbelange	**(85)**	(67)
Ander beleggings	**84**	59
Sentrale tesourie	**111**	83
Ander netto korporatiewe koste	**(52)**	(134)
Wesensverdienste	**7 996**	6 635
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**514.2**	513.4
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**1 555.0**	1 292.4

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Remgro het in Januarie 2014 sy 100%-belang in TSB aan RCL Foods verkoop. Sedert 1 Januarie 2014 is TSB se resultate deur RCL Foods verantwoord.

REMGRO BEPERK

BYLAAG B

SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

	30 Junie 2015		30 Junie 2014	
R miljoen	**Boekwaarde**	**Intrinsieke waarde**	Boekwaarde	Intrinsieke waarde
Voedsel, drank en huishoudelike sorg				
Unilever Suid-Afrika	**3 384**	**8 688**	3 086	9 037
Distell[1]	**3 157**	**11 098**	2 864	9 336
RCL Foods	**7 346**	**11 514**	6 862	10 547
Bankwese				
RMBH	**12 267**	**26 409**	11 225	20 743
FirstRand	**4 300**	**11 720**	3 969	8 957
Gesondheidsorg				
Mediclinic	**13 227**	**36 727**	10 597	29 316
Versekering				
RMI Holdings	**6 717**	**19 096**	6 224	14 739
Nywerheid				
Air Products South Africa	**882**	**4 164**	839	3 610
KTH	**1 876**	**2 696**	2 061	2 481
Total South Africa	**1 428**	**1 785**	1 329	1 596
PGSI	**672**	**672**	760	760
Wispeco	**603**	**920**	540	778
Infrastruktuur				
Grindrod	**4 016**	**2 329**	3 667	4 513
CIV groep	**1 795**	**2 797**	1 657	2 282
SEACOM	**566**	**1 001**	569	991
Ander infrastruktuurbelange	**480**	**480**	829	829
Media en sport				
Sabido	**1 126**	**2 094**	974	2 528
Ander media- en sportbelange	**374**	**382**	534	533
Ander beleggings	**3 047**	**3 266**	2 699	2 767
Sentrale tesourie - kontant by die kern[2]	**4 019**	**4 019**	3 264	3 264
Ander netto korporatiewe bates	**1 832**	**2 224**	1 486	1 860
Netto batewaarde (NBW)	**73 114**	**154 081**	66 035	131 467
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[3]		**(5 466)**		(5 130)
NBW na belasting	**73 114**	**148 615**	66 035	126 337
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**514.4**	**514.4**	513.7	513.7
NBW na belasting per aandeel (Rand)	**142.12**	**288.89**	128.56	245.96

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods en Wispeco).
3. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings "beskikbaar vir verkoop" is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.
4. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.
5. Intrinsieke netto batewaardes is ongeouditeer.

REMGRO BEPERK

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR OP DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE AAN DIE AANDEELHOUERS VAN REMGRO BEPERK

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk, soos uiteengesit op bladsye 1 tot 9 en 17 van die geouditeerde gekonsolideerde resultate, wat bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 30 Junie 2015, die verkorte gekonsolideerde inkomstestaat en die verkorte gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en verwante aantekeninge, is afgelei vanaf die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2015. Ons het 'n ongemodifiseerde ouditmening uitgespreek oor die gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 17 September 2015. Ons ouditverslag oor die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state het 'n "Ander Aangeleentheid"-paragraaf: "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" bevat (verwys hieronder).

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state bevat nie al die openbaarmaking soos vereis deur Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, soos toepaslik, op finansiële jaarstate nie. Die lees van die verkorte gekonsolideerde finansiële state is gevolglik nie 'n plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk nie.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die verkorte gekonsolideerde finansiële state
Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding van 'n verkorte weergawe van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die vereistes van die JSE Beperk (JSE) vir verkorte finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die verkorte gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op verkorte finansiële state, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van verkorte gekonsolideerde finansiële state, wat vry is van wesentlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

Ouditeur se verantwoordelikheid
Dit is ons verantwoordelikheid om 'n mening oor hierdie verkorte gekonsolideerde finansiële state uit te spreek gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig *'International Standard on Auditing (ISA) 810, Engagements to Report on Summary Financial Statements',* uitgevoer was.

Mening
Na ons mening is die verkorte gekonsolideerde finansiële state wat afgelei is vanaf die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2015, in alle wesentlike opsigte, konsekwent met die gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig met die vereistes van die JSE vir verkorte finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die verkorte gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op verkorte finansiële state.

Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word
Die "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" -paragraaf in ons ouditverslag gedateer 17 September 2015 dui aan dat ons as deel van ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2015 die Direkteursverslag, die Verslag van die Oudit-en-Risikokomitee en die Sertifikaat van die Maatskappysekretaris gelees het ten einde wesentlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state te identifiseer. Hierdie verslae is die verantwoordelikheid van die onderskeie opstellers daarvan. Die paragraaf dui ook aan dat ons nie wesentlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state gebaseer op die lees van hierdie verslae geïdentifiseer het nie. Die paragraaf dui verder aan dat ons nie hierdie verslae geoudit het nie en dienooreenkomstig nie 'n mening oor hierdie verslae uitspreek nie. Die paragraaf het geen uitwerking op die verkorte gekonsolideerde finansiële state of ons mening daaroor nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: N H Döman
Geregistreerde Ouditeur

Stellenbosch
17 September 2015